
2Kor 5:1-10: Hou moed! Volhard! Binnekort! (2)

No. E298

'n Paar verantwoordelike afleidings uit die Skrifopenbaring oor ons tema - waarna ons reeds in redelike besonderhede gekyk het.

1. Onmiddellik na die dood gaan alle mense na een van twee verskillende bestemmings (Lk 16:22-23; Lk 23:43).

Hieroor is die Bybel oor en oor so duidelik soos daglig; elke mens gaan óf hemel toe, óf hel toe. Saligheid of smarte wag dadelik nadat jy jou laaste asem uitgeblaas het op jou. En so sal dit onomkeerbaar finaal bly - tot in alle ewigheid.

2. Ons sal in 'n staat van volle bewussyn wees.

Dit is so voor die hand liggend dat mens dit beswaarlik hoef te sê. Hoe anders sou mens jou saligheid kon beleef - of dan jou smarte, indien jy verlore gaan. Trouens, dit verg geen verbeelding nie om te besef dat ons bewussyn veel meer intens sal wees as hier. Is dit nie 'n voorvereiste vir die meer intense beleving van sowel vreugde as pyn nie?

3. Ons sal kommunikeer - met mekaar en met die Here.

Die ryk man en Abraham praat met mekaar. Die martelare praat met die Here en Hy reageer daarop. Dit impliseer intelligensie, logika, vertolking, waarneming, ensovoorts.

4. In die hemel sal daar gemeenskap wees.

Die mededeling dat Lasarus aan "die boesem" van Abraham is (Lk 16:22, 23, letterlik), dui op intieme liefdesgemeenskap. En in Op 6 roep die siele gesamentlik. Wanneer ons oorwinnend sterf, gaan ons, soos Hb 12:23 dit stel, na die "geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is."

5. Ek behou my individualiteit en identiteit.

Lasarus het Lasarus gebly. Na Sy opstanding het die Here Jesus steeds die wonde en littekens van Sy teregstelling gedra.

6. Ons sal ons aardse lewe onthou.

Die siele onthou hulle is vermoor. Die ryk man onthou sy vyf broers. Lasarus word "getroos" (25, OAV) terwyl hy by Abraham is. As hy niks van sy aardse swaarkry onthou het nie, waarom sou hy troos nodig gehad het?

Ons sal die verdorwenheid van voor ons bekering onthou en God se reddingsgenade wat alles verander het. Dan sal dit, saam met die voortgaande waarneming van die drie-enige God se heerlijkheid, die brandstof wees wat ons ewige lof en aanbidding voortstu. Hoeveel armer sal my dankbaarheid en lof nie wees as my redding van sonde en die gevolge daarvan in vergetelheid sou verdwyn nie?

Die feit van die laaste oordeel impliseer 'n helder geheue. Die Bybel beklemtoon dat ons selfs oor elke ydele woord verantwoording sal moet doen. Dit vereis tog dat ons ons lewens tot in die fynste besonderhede sal kan onthou.

Openbaring 19:7-8 sê dat ons goeie werke nou die bruilofskleed weef wat ons hierna sal dra. Dis beeldspraak, maar impliseer baie duidelik dat ons godsvrug hier op aarde altyd met ons sal bly. Ons sal steeds weer herinner

word aan ons huidige gehoorsaamheid hier en nou. Eintlik moet ons dit beter stel: ons sal steeds weer herinner word aan God se herskeppende genade wat ons in hierdie lewe te beurt geval het. Dis soos Op 14:13 sê: "alles wat hulle gedoen het, volg hulle."

7. Ek sal steeds weet wat op aarde gebeur.

Die siele weet hulle bloed is steeds nie gewreek nie. Die ryk man besef sy broers is nog onbekeer.

Elders in die Openbaringboek lees ons hoe onder meer die siele in die hemel hulle verheug oor die voltrekking van God se oordele oor die bewoners van die aarde, en hoe hulle God daarvoor aanbid (Op 18:20; 19:1-4).

Waarlik, ons op aarde mag onkundig wees oor die afgestorwenes; maar hulle weet oënskynlik wat hier op aarde met ons gebeur.

8. Die mense in die tussentoestand weet eger nie alles nie.

Die siele weet nie dat daar nóg mense vir hulle geloof moet sterf nie, en hoe lank dit nog sal voortduur nie. Dis waarom hulle vra.

9. Ons sal gevoel hê en emosies ervaar.

Die ryk man is bekommerd oor sy broers. Netso sal die saliges begaan wees oor die ongereddes. En die siele verlang daarna dat hulle bloed gewreek sal word. Hulle het 'n sin vir geregtigheid; hulle is nie apaties oor die verwickelinge op aarde nie. As hulle "met 'n groot stem" roep (OAV), dui dit waarskynlik op intensiteit van emosie.

Hierbenewens word die dankbaarheid en aanbiddingshartstog van die saliges meermale in die Openbaringboek beskryf. Sonder twyfel sal ons die Here en mekaar intens liefhê en

geniet.

10. In die hemel word tydsverloop beleef.
Die vraag "hoe lank nog", impliseer dit duidelik. Ook die Here se antwoord: die siele moet nog 'n "klein rukkie" wag. Hulle is kennelik haastig dat dit sal gebeur; daar is 'n beleving van tydsverloop.

11. In die hiernamaals is daar steeds 'n beleving van solidariteit en familiële bande.
Diegene wat nog dood gemaak sal word, word "medediens" en "medegelowiges" genoem. En selfs in die verdoemenis is die ryk man spesifiek oor sy broers begaan, nie oor al die ander mense nie. Hoeveel te meer sal die heiliges nie saamvoel met hulle geloofsgenote wat nog op aarde is nie. En as die Here Jesus in Sy gelykenisse van verlorenheid sê dat daar blydskap in die hemel is oor elke bekering, kan mens vir 'n oomblik dink dat die salige siele nie ook in hierdie blydskap sal deel nie?

'n Slotwoord

- Vir 'n uitgebreide toepassing het ons nie nou tyd nie. Dis ook nie regtig nodig nie. Want as dit waarna ons gekyk het aan die hart lê van jou salige hoop, sal dit jou lewenslank bemoedig en elke dag 'n veerkrag in jou tred gee. En dit sal jou grootliks bevry van die vrees vir die dood.

Al wat dus saak maak, *is of jy in Christus is*. En dit gebeur *deur die geloof alleen*. Glo dus die evangelie, bevestig jou geloof deur die Here Jesus in alles te gehoorsaam - en jy kan die ewige toekoms met opgewonde afwagting tegemoet gaan.

- Die wêreld wat dié van ons wat in Christus is, na die dood gaan betree, gaan nie 'n dowwe en spookagtige droomwêreld wees, soos baie mense in hulle agterkoppe dink nie. Dit gaan 'n sinvolle, volwaardige en welgeluksalige bestaan wees. Weliswaar, soos ons gesien het, sal dit vir 'n tyd lank liggaamloos wees. Maar ons sal die wonderlike vooruitsig hê om spoedig met 'n volmaakte en verheerlike liggaam bekleed te word - en om dan vir ewig op 'n nuwe aarde te woon.

- **Diegene wat in Christus is, sien mekaar tot in ewigheid nooit vir die laaste keer nie.**
As ons nou vreugde in mekaar het, hierna - ook in die tussentoestand - sal dit baie meer intens wees. En verby sal dit nie gaan nie!

- **Maar dis in Christus self wat ons vreugde ten diepste sal wees!**
Ons sal by Hom wees en innige gemeenskap met Hom geniet. Ons sal Hom sien soos Hy is, en uiteindelik word soos Hy (1Jh 3:2).

- **Laat ons daarom erns maak met die Christelike hoop.**
Ek weet nie van julle nie, maar dit wil my party dae neerslagtig stem as ek besef my lewe is besig om uit te loop. Afnemende liggaamskragte, 'n geheue wat jou al hoe meer in die steek laat en toenemende ontnugtering met dit wat hierdie lewe bied, raak al hoe meer 'n werklikheid.

Ek is oortuig daarvan dat daar net een manier is om hierdie werklikhede te hanteer - mens moet jou oefen in die Christelike hoop. Jy moet die dinge waaroor ons gepraat het weer en weer oordink.

- **Is Christus die middelpunt van jou hoop?**

In 1Tm 1:1 kry ons 'n kort frase wat die hart van ons lewende hoop se inhoud verwoord: "...Christus Jesus ons Hoop". *Om eendag by Hom te wees, is waarom dit gaan.*

Kostelik het Andrew Bonar dit gestel: "Ag Here, mag ek soos Simeon heengaan - met Christus in my arms" (n.a.v. Lk 2:28-29). Maar ons kan natuurlik ook die beeld omdraai. As die dood my eendag neerfel, sal ek in Christus se arms intuïem.

- **Maak seker jou hoop is eg.**

As jy nie, soos Paulus, jou vreugde daarin vind dat jy *by Christus* sal wees nie (ten spyte van die tussentoestand se "naaktheid"), hang daar 'n vraagteken oor die egtheid van jou hoop. En, onthou, die hoop is bloot vooruitgerigte geloof. As jou hoop dus onder verdenking is, moet ook jou geloof bevraagteken word. En as jou geloof vals is, is jou hoop niks meer as 'n lugspieëling nie.

- *Les bes: die dood is nie 'n ewige duisternis wat oor jou neerdaal nie; dis die doodblaas van 'n kers - omdat die dag gebreek het. En nooit weer, tot in alle ewigheid, sal die Son weer ondergaan nie.*

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: nico.vanderw@reform.ed.org.za; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
- Gereeld word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur verder.